# Wat is besoedeling?

Besoedeling gebeur wanneer ons ons aarde bemors. Wanneer ons die lug, water en grond op aarde vuil maak, besoedel ons dit. Wind, water, reën en die son kan die aarde help om weer skoon te kom. Maar wanneer daar te veel besoedeling is, kan die aarde homself nie meer skoonmaak nie.






# Waterbesoedeling

Waterbesoedeling vergiftig ondergrondse water asook die water in riviere, mere en damme. Dit gebeur wanneer fabrieke vuil water in 'n skoon rivier inpomp. Dit gebeur ook wanneer rioolwater van toilette in 'n meer inlek.



Besoedelde water kan mense baie siek maak en kan visse en ander diere doodmaak. Plante wat naby aan die water groei, kan ook doodgaan.



# Lugbesoedeling







Lugbesoedeling vernietig ook die osoonlaag wat die lewe op aarde teen die gevaarlike strale van die son beskerm. Fabrieke gee te veel suur aan die lug af, wat suurreën veroorsaak. Suurreën maak plante dood en beskadig geboue.


fabrieke
spuitkannetjies
uitlaatgasse van karre
APPLE SCENTED
Air Freshener

# Geraasbesoedeling



Geraasbesoedeling word veroorsaak deur swaarvoertuie soos vragmotors, die getoeter van motors en taxi's, fabrieksmasjinerie, harde musiek, en die toerusting wat op boupersele en vir die bou van paaie gebruik word. Te veel geraasbesoedeling kan 'n mens doof maak.



# Grondbesoedeling




Grondbesoedeling kom voor wanneer ons grond met chemikalieë vergiftig. Grondbesoedeling word ook deur die afval van fabrieke en myne veroorsaak. Die afval van ons huise, skole, hospitale en kantore word in enorme gate in die grond begrawe. Hierdie afval besoedel die grond.



Grondbesoedeling kan ons water vergiftig, wat dan ook die kos wat ons en die ander diere eet, vergiftig.

